*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 14 Junie 2026**

## Soos Jesus

*"Laat dan die gesindheid wat daar in Christus Jesus was, ook in julle wees [...] – werk met vrees en bewing aan julle verlossing. Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God."*
(Filippense 2:5, 12-13)

In ons moderne samelewing word van jou verwag om op jouself te fokus, jou eie waarde te besef en op te staan vir jou regte. Jy kom eerste. Maar dis nie 'n Christelike lewenshouding nie. Jesus leer dat ons God moet liefhê, en ons naaste soos onsself; om weg te kyk van onsself (Matt 22). Dís hoe Hy ons voorgeleef het toe hy op aarde was.

In Filippense 2 haal Paulus 'n ou Christelike lied aan wat presies dít besing: Jesus se lewe wat nie op Homself ingestel was nie. Jesus het Homself vergeet; Homself in ons verloor en sy lewe vir ons afgelê. Dis waaroor navolging van Christus gaan. Alles wat jy is, wat jy doen en sê en nie doen en nie sê nie, moet Jesus naboots. Christen-wees beteken 'n leefstyl, gewoontes, 'n manier van praat en doen en dink en wees, wat anders is, wat te midde van mense wat die Here nié ken nie, dit uitjubel: ek behoort aan die Here! Hy is my Verlosser en Koning. Paulus herinner ons dat Christen-wees nie net gaan om in Jesus te glo en daarmee op pad hemel toe is nie. Dit mag nie net woorde bly nie; ons moet dit ook leef. Ons moet soos Jesus wees en Hom volg.

Hoe doen ons dit?

Enersyds gebeur dit wanneer jy in 'n innige verhouding met Christus leef. Maar meer as dit is nodig. Jy kan eers regtig Jesus volg tussen ander mense, in die wêreld, te midde van 'n krom en ontaarde geslag, soos Paulus in vers 15 skryf. Jy kan eers regtig die Here Jesus se gesindheid openbaar as jy in jou huwelik, by die werk, met kollegas of bure of familie of kennisse as 'n verloste mens lewe. Daarom moet jy met vrees en bewing aan jou verlossing werk (vers 12). Let op: Jý moet dit doen. Om te sê jy glo in Christus is nie genoeg nie. Christen-wees verg werk en vasbyt en moed; daaglikse oorgawe en daaglikse keuses vír Christus en téén die verkeerde. Die evangelie is dat jy dit nie alleen hoef reg te kry nie; jy kan ook nie. Dis God se werk. Hy maak jou gewillig en bekwaam, sê 2:13 (AFR83). Hy bring jou daar waar jy nie net vir God wil lewe nie, maar ook kan!

**Jaco Thom.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Jaco Thom en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

## LITURGIE

**Verwelkoming**

**Aansteek van die Wydingskers**

**Oomblik vir bewuswording en stilgebed**

**Wydingslied:** “Verhoogde Heiland, bind ons saam” (Lied 152)

**Votum en Seëngroet**

**Loflied:** “Hoog bo die wolk en berg, o Heer” (Psalm 36:2, 3) (staande)

**Geloofsbelydenis:** (uit die Johannes-Evangelie):

L: Ons glo in Jesus Christus, die Woord wat mens geword het.
**G: Ons het sy heerlikheid gesien, vol genade en waarheid.**
L: Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.
**G: Hy is die Seun van God.**
L: Hy is die brood wat lewe gee.
**G: Wie na Hom to kom, sal noot weer honger ly nie;**
**en wie in Hom glo, sal nooit weer dors kry nie.**
L: Hy is die lig vir die wêreld.
**G: Wie Hom volg, sal nooit in die duisternis lewe nie,**
**maar sal die lig hê wat lewe gee.**
L: Hy is die goeie Herder.
**G: Hy lê sy lewe af vir sy skape. Hy ken sy skape en hulle ken Hom.**
L: Hy is die opstanding en die lewe.
**G: Wie in Hom glo, sal lewe, al sterwe Hy ook.**
L: Hy is die weg, die waarheid en die lewe.
**G: Niemand kom na die Vader toe nie, behalwe deur Hom.**
L: Hy is die ware wingerdstok.
**G: As ons in Hom bly en Hy in ons, sal ons baie vrugte dra,**
**want sonder Hom kan ons niks doen nie.**

**Belydenislied:** “Enigste Here, enkele Wese” (Lied 265:1, 2)

**Gebed**

**Skriflesing:** Filippense 2:1-18

**Woordbediening**

**Verootmoediging:** “Here, ontferm U” (Lied 242)

**Moment vir Stilgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** “O God, so groot in heerlikheid” (Lied 285:1, 2)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 14 Junie | 09:30 – Ds. Jaco Thom. |
| | Geen Gesins-, Sotho- of Aanddiens (langnaweek). |
| Donderdag, 18 Junie | 11:00 – Ds. Johan Marais (Biduur by Siësta). |
| Sondag, 21 Junie | 09:30 – Ds. Johan Marais (Nagmaal). |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé). |

**Ons kategese vir die kwartaal het reeds afgesluit.**
**Daar is tydens die vakansietyd slegs 'n oggenddiens, en wel as volg:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 28 Junie | 09:30 – Ds. Janke Hurter. |
| Sondag, 05 Julie | 09:30 – Ds. Johan Marais. |
| Sondag, 12 Julie | 09:30 – Ds. Wynand Retief. |
| Sondag, 19 Julie | 09:30 – Ds. Jan Lubbe. |
| Sondag, 26 Julie | 09:30 – Ds. Johan Marais (gesamentlik) |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 14 Junie | Christo du Plessis, Matthys du Plessis en Bernard du Raan. |
| 15 Junie | Johannes du Plessis, Pieter Joubert en Koos Meiring. |
| 16 Junie | Dicky Jordaan, Carla Matthee, Juwan Pool, Juanita Saayman, Jolande Syfert en Werner van der Walt. |
| 17 Junie | Kobie Breedt, Megan Herbert, Ordino Kok, Annemé Kruger, Jacques Louw en Ria Malan. |
| 18 Junie | Mariaan Breytenbach, Suzette Coetzee, Joubert Pienaar, June Swart en Luca van Rooyen. |
| 20 Junie | Kobus Breytenbach, Martin Coetzee, Hanli du Raan en Henette Marais. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Oom Mornay Pretorius (Waverleyweg 120, wyk 20a); Oom Joos Hefer (Sewe Damme 39, wyk 8b); Gert Olivier (Sewe Damme 25, wyk 8b); Hanchen Korff (Sewe Damme 34, wyk 8b); Kathy Jansen (Siësta, wyk 10); Marina Voges (Edelrood 5, Kiepersol, wyk 16); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Elsabe Jansen van Rensburg (Santé 202, wyk 18b). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe – in besonder die Le Roux & Swanepoel-families met Bertus se siekbed.

Ons innige meegevoel aan die familie van Tannie Sheila Prinsloo (Serenitas 160) wat die afgelope week oorlede is; haar gedenkdiens is môre om 10:30 by Serenitas. Eerskomende Saterdag, 20 Junie om 11:00, is die gedenkdiens vir Oom Kowie Wessels. 'n Troosbede.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe* (**afsluiting**).

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In **Junie** is **Wyke 16** (**Kiepersol**) en **17** (**Noorderbloem**) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Kerkkantoor gesluit:** 14-16 Junie 2026.

**Dagbestuur van die Kerkraad:** Vergadering Donderdag, 18 Junie 2026 om 17:30.

## BEDIENINGE

**JEUGBEDIENING**
**Belydeniskamp** vind van **18–20 Julie** by Menuha plaas. Ons vra dat inskrywingsvorms so spoedig moontlik ingehandig word...

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**
**Gasvryheid nodig:** Gemeente George Bergsig (van ds Rudolph en Sanet Grobler) is weer op hul uitreik na Noord-Natal; ons kort nog hulp met die aandete vir Vrydag, 26 Junie vir 50 lidmate; kontak 073 180 3193 in julle kan help (sop en broodjies)...

**Torings van Hoop: Projek "WinterHoop 2026"** vir behoeftige mense in ons stad (nie-bederfbare kos en toiletware) loop deur Junie; bring gerus bydraes na die Kerkkantoor.

**ONDERSTEUNINGSBEDIENING**
**Eiendom:** Tenders word ingewag vir 'n veiligheidsomheining op dele van die kerkterrein aan die ooste- en westekant. Vir meer inligting, kontak Jors v/d Schyff (082 573 4243).

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 14 Junie: **Jeugbediening Vrystaat.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

Ons **Spesiale Dankoffer in Mei 2026** staan nou op R 425 000; daar is nog hierdie Sondag en volgende week – ons begroting was op R 600 000 gestel…Baie dankie vir sover!